# Hoofstuk van die dag: Eksodus 37

> *Hy het ook die gewyde salfolie en die geurige, rein wierook gemeng soos ’n bekwame vakman dit doen. (vers 29)*

As ’n mens hierdie hoofstukke lees, sou jy maklik onder die indruk kon kom dat Besaleël alles wat genoem word, op sy eie

gemaak het. Dit is natuurlik nie so nie. Ons het in Eks 36:8 gelees van “begaafde vakmanne” wat die werk gedoen het. Besaleël was die leier van dié groep vakmanne. Maar ons weet ook van Oholiab (Eks 36:1) wat hom bygestaan het, om nie te praat van die vroue wat die spin- en weefwerk gedoen het (Eks 35:25-26).

Met spanwerk kom ’n mens baie verder as wat jy alles alleen probeer doen. Dit moes Moses vroeg al by sy skoonpa Jetro leer (Eks 18:17). Die Prediker sê dit ook (Pred 4:9): “Twee vaar beter as een.”

Dis vandag nog so. Die Here het aan ons elkeen gawes gegee, maar dis eers as ons ons gawes saam met ander gebruik, dat seëninge daaruit voortvloei. Dit is onder andere wat die begrip “die gemeenskap van die heiliges” volgens die Heidelbergse Kategismus vraag 55 beteken: “… dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend.”


## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026